**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2020**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | : BEGRIPSTOETSE | (40) |
| AFDELING B | : TAALWERK | (80) |

3. Jy moet **AL** die vrae beantwoord.

4 Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5 Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6 Skryf netjies en leesbaar.

7 Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!***

**AFDELING A : BEGRIPSTOETS:**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

**TEKS A**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae:

## HOU OP BEKOMMER EN WAS JOU HANDE



Die koronavirus (COVID-19) maak baie mense bang. Hiedie paniek lei tot **massahisterie** wat gewoonlik nie rasioneel is nie. Om meer te weet oor dié virus, lees **inligting** wat deur **kenners** geskryf is.

Op sosiale media lees jy dat jy (1) baie blikkies kos en toiletpapier moet gaan koop en (2) dat jy jouself vir die volgende jaar in jou huis moet **toesluit.** Hoekom raak mense so bang? Dié virus kan jou doodmaak. Jy kan miskien die virus kry. Dink mooi en doen wat kenners sê jy moet doen.So kan jy **voorkom** dat jy die virus kry of **versprei.**

Hierdie stappe kan jou **veilig** hou:

- Was jou hande gereeld met seep en water vir minstens 20 sekondes.
- Moenie aan jou oë, neus of mond raak nie, veral nie met **ongewaste** hande nie.
- Vermy **nabye** kontak met mense wat die virus het.
- **Hoes** en **nies** in die **binnekant** van jou elmboog en nie in jou hande nie.
- Bly by die huis as jy siek is om te voorkom dat jy dit versprei.

Dieselfde stappe word gebruik wanneer jy griep of verkoue het. Gaan huis toe as jy siek is kom werk wanneer jy **gesond** is. Kyk na die statistieke oor hoeveel mense aan griep **sterf**.

Op die **webwerf www. livescience.com** lees ek op 6 Maart 2020 die volgende: "So ver, het die nuwe coronavirus tot meer as 100 000 mense **besmet** en het daartoe gelei dat die **dodesyfer** met meer as 3 000 mense **wêreldwyd styg**."

Die griep, ook genoem influenza, het in die VSA 34 miljoen mense besmet met 350 000 **hospitaal gevalle** en 20 000 mense wat hierdie seisoen gesterf het. Dit is wat die Centers for Disease Control and Prevention **(CDC)** bewys.

" Ek respekteer mense wat van die koronavirus gesterf het, maar om bang, **paniekerig** of bekommerd te wees, gaan nie voorkom dat ek of jy die virus kry nie."

My punt is, **bekommernis** help niks in die lewe nie.
Die Dalai Lama sê oor bekommernis: As jy 'n probleem kan **regmaak**, maak dit reg,dan het jy geen rede om bekommerd te wees nie.

***Eldaleen- vroueredakteur*** **(Verwerk uit : Vrouekeur 27 Maart 2020)**

**Woordeskat**

| | |
|---|---|
| massahisterie- mass hysterics | inligting-information |
| kenners- experts | toesluit-lock away |
| voorkom-prevent | versprei-spread |
| veilig –safe | ongewaste-unwashed |
| nabye- close | hoes-cough |
| nies-sneeze | binnekant-inside |
| gesond- healthy | sterf- to die |
| webwerf-website | besmet –infect |
| dodesyfer-number of deaths | wêreldwyd-worldwide |
| styg-increase | hospitaal-gevalle - hospital cases |
| paniek/erig-panic | bekommer/nis-worry |
| regmaak- solve | |

**Vrae:**

1.1. Voltooi die sinne deur die korrekte antwoorde te gee. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.1.1. Die virus se naam is (________) 1

1.1.2. Die persoon wat die artikel geskryf het, se werk is (_______) 1

1.1.3. Hierdie artikel is uit die (________) tydskrif geneem 1

1.1.4. Die persoon wat hierdie artikel geskryf het, se naam is (_______) 1

1.1.5. Die webadres waaroor jy oor die griepvirus kan lees, is (________). 1

1.1.6. Die datum toe hierdie artikel geskryf is, is (________). 1

1.2. ***Jy moet in jou hande hoes of nies.***

1.2.1. Is die bogenoemde stelling korrek? Sê JA of NEE. 1

1.2.2. Haal een sin uit die leesstuk aan om jou antwoord te bewys. 1

1.3. Beantwoord die volgende vrae:

1.3.1. Waaraan moet jy nie met ongewaste hande raak nie? 3

1.3.2. Waarvoor staan die afkorting CDC? (Skryf dit voluit). 1

1.3.3. Watter twee items koop mense omdat hulle dit op sosiale media lees? 2

1.4.. Watter leier sê dat mense nie bekommerd moet wees nie? (Net naam en van). 1

1.5. Verwys na die titel.

***"Hou op bekommer en was jou hande***

Wat moet jy volgens die titel doen? Vul die ontbrekende woorde in.

Skryf net die nommer en jou antwoord neer.

1.5.1. Begin so : Jy moet ophou bekommer en jou _______ __________ 2

**1.6. Hierdie stappe kan jou veilig hou:**

1.6.1. Waarmee moet jy jou hande was?( Noem twee dinge) 2

1.6.2. Vir hoe lank moet jy jou hande was? ( Haal twee woorde aan) 1

**[20]**

**VRAAG 2: ADVERTENSIE**

Lees die volgende advertensies en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B**

**RANDSE SKOU** Dis weer amper tyd vir die gewilde Randse Skou. Besoekers kan talle stalletjies sowel as kinderaktiwiteite, kos en vermaak verwag. Die skou word vanjaar van 8 tot 13 April by die Johannesburgse Eksposentrum, Nasrec, gehou. Kaartjies kos R150 per volwassene en R80 per kind. Goedkoper kaartjies is voor 31 Maart aanlyn beskikbaar. Besoek www.randshow.co.za



**TEKS C**

***FLIEKTYD BY NEDERBURG***
*Die Nederburg-landgoed in die Paarl bied weer op Saterdag 4 April 'n opelugfliek aan. Die fliek La La Land gaan op die groot skerm in die landgoed se lieflike tuin wys. Jy kan heerlike kos en drank daar koop. Hekke open om 17:00. Koop kaartjies via* ***www.thegalileo.co.za***



**TEKS D**






*AARBEIPLESIER Die Redberry-plaas op George word vanjaar al 20 jaar oud.*
*Mens kan baie meer by dié plaas doen as bloot aarbeie pluk.*
*Daar is van 'n mini-trein tot die grootste permanente doolhof in die Suidelike Halfrond. Daar is oulike bootjies en 'n reusebal waarin kinders kan ronddryf. Hul koffiewinkel en teetuin bied allerlei heerlike aarbei-opsies en daar is ook eetplekke.*
***Bel 044 870 7123, stuur 'n e-pos na info@ redberryfarm.co.za of besoek www. redberryfarm.co.za***

**Vrae:**

**TEKS B**

2.1. **Dis weer amper tyd vir die gewilde Randse Skou.**

2.1.1. Waar word die skou gehou?( Sentrum en plek) 2

2.1.2 Watter soort aktiwiteite word hier aangebied? Haal een woord aan. 1

2.2. Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.2.1. Die Randse Skou word (jaarliks/ maandeliks) in Johannesburg aangebied. 1

2.2.2 Kaartjies vir kinders om na die Randse Skou te gaan, kos (R80/ R150). 1

2.3. Wanneer is goedkoper kaartjies beskikbaar? (Gee net die datum) 1

**TEKS C**

2.4. *Kyk na :* ***Fliektyd by Nederburg***

2.4.1. Die volgende stelling is Onwaar. Gee ‘n rede uit die teks om jou antwoord te bewys

**Die opelugfliek word in die oggend gewys.** **1**

2.5. Gee die naam van die fliek wat by Nederburg gewys word. 1

2.6. Waar word die fliek gewys? (Haal een woord as antwoord aan) 1

2.7. Waar sal jy die Nederburg –landgoed vind? 1

2.8. Watter drankie kan jy by die Nederburg -landgoed drink? 1

2.9 Hoe laat maak die hekke oop? 1

**TEKS D**

2.10. Gee die naam van die aarbeiplaas wat hier geadverteer word. 1

2.11.Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.11.1. In watter provinsie vind ons hierdie plaas? (Kaapprovinsie/ KZN)? 1

2.12. Hoe oud word die plaas hierdie jaar? 1

2.13. Kies **die <u>verkeerde</u> antwoord**.  Skryf net die nommer en die antwoord neer.

***Die aktiwiteite wat by die aarbeiplaas aangebied word, sluit in:***




A. Perdry
B. 'n mini-trein
C. Aarbeie pluk
D. 'n Reusebal waarin kinders kan ronddryf 1

2.14. Die volgende stelling is ONWAAR. Haal uit die teks aan om jou antwoord te bewys.

**Die doolhof is die grootste in die Noordelike halfrond**. 1

2.15. Gee drie maniere hoe kan jy bespreek om na die aarbeiplaas toe te gaan. 3

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: [40]**

**AFDELING B: TAALWERK**

**VRAAG 1: SINSTRUKTURE:**
Bestudeer die volgende prentjie en voer die instruksies uit.

**TEKS A**



1.1. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte **WOORDORDE (STOMPI)**.

1.1.1. Die tweeling , op die strand, gister, het, gebou, 'n sandkasteel 1

1.1.2. Pa, more, in die branders, sal, swem 1

1.1.3. Die seuntjie, in die sand ,vandag, gly 1
**[3]**

1.2. Skryf die volgende sinne oor in die **VERLEDE TYD**.

1.2.1. Die seun spring in die water. 1

1.2.2. Sy boetie is opgewonde. 1

1.2.3. Die seuntjie kan in die sand speel. 1

1.2.4. Ek vertel van my die seevakansie. 1

1.2.5. Die boeties se ma sit en lees in die son 1

1.2.6. Die atleet swem en hardloop elke dag. 1

**[6]**

1.3. Skryf die volgende sinne oor in die **TOEKOMENDE TYD**.

1.3.1. Die seun het 'n grafie in sy hand. 1

1.3.2. Dit is 'n sonnige dag. 1

1.3.3. Die twee seuns speel lekker op die strand. 1

1.3.4. Die palmbome waai in die wind. 1

1.3.5. Die sand is heerlik warm. 1

**[5]**

**TEKS B**



1.4. Skryf die volgende sinne in die **ONTKENNING**.

1.4.1. Die seuntjie swem. 1

1.4.2. Die jong meisie lees onder die strandsambreel. 1

1.4.3. Sy oom het al ‘n walvis gesien. 1

1.4.4. Iemand skree dat daar ‘n haai is. 1

1.4.5. Die strand is nog vol mense. 1

1.4.6. Iets skarrel oor die meisie se voet. 1

**[6]**

1.5. Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORDE** tussen hakies

1.5.1. Die meisie wil nog sonbrand. Die palmbome se blare gee skaduwee (maar) 1

1.5.2. Die vrou brand nie in die son nie. Sy lê onder die sambreel.(daarom) 1

1.5.3. Al die kinders speel in die water. Hulle geniet dit. (omdat) 1

1.5.4. Die vrou praat met haar vriendin Haar dogtertjie speel op haar foon. (en) 1

1.5.5. Die vrou sonder ‘n sambreel brand in die son. Dit was ‘n baie warm dag. (aangesien) 1

1.5.6. Die jong dames dra baaikostuums. Dit is baie warm.(want) 1

**[6]**

1.6. Skryf die sinne oor in die **LYDENDE VORM.**

1.6.1. Ma het 'n mandjie gedra. 1

1.6.2. Pa was die motor. 1

1.6.3. Pieter sal die meisie soen. 1

1.6.4. Sanet eet die pienk roomys. 1

1.6.5. Hulle sal die eksamen slaag. 1

1.6.6. Die man het die koerant gelees. 1

**[6]**

1.7. Skryf die sinne oor met die korrekte **SPEL-EN LEESTEKENS**.

1.7.1. daar is baie huiswerk op bl 10 1

1.7.2. die meisie speel netbal 1

1.7.3. hy vra hoe laat is dit 1

1.7.4. ethan savannah robert en josh was by die skool 1

**[4]**

1.8. **KOMMUNIKATIEWE TAAL**.

**TEKS C**




**WAT SÊ JY AS JY** :

1.8.1. Iemand in die oggend groet? 1

1.8.2. Die tafel wil verlaat? 1

1.8.3. Iemand vir die eerste keer ontmoet? 1

1.8.4. Iemand in gevaar waarsku? 1

**[4]**

**[40]**

**VRAAG 2: WOORDSTRUKTURE**:

**TEKS D**




2.1. Gee die **MEERVOUDE** vir die woorde tussen hakies.  Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.1.1. Die hondjie kyk na twee (boot) op die see. 1

2.1.2. Die twee (sandkasteel) hou die kinders besig. 1

2.1.3. Die meisie se twee (handdoek) is vol sand. 1

2.1.4. Die (krap) hardloop oor die sand. 1
**[4]**

2.2. Gee die **VERKLEINWOORDE** vir die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.2.1. Die klein (vis) swem vinnig. 1

2.2.2. Die klein (kind) hou van roomys 1

2.2.3. Sy wys na die klein (haai) in die diep water. 1

2.2.4. Die klein (strandhoed) beskerm haar teen die son. 1
**[4]**

2.3. Gee die teenoorgestelde **GESLAG** vir die volgende. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.3.1. Piet se (teef) is tierkwaai. 1

2.3.2. Sy gunsteling dier is ‘n (renosterbul). 1

2.3.3. Die (sog) hou van die modderbad. 1

2.3.4. Die (merrie) galop vinnig teen die bult af. 1
**[4]**

2.4. Vul die **VOORSETSELS** in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.4.1. Piet gaan _____ vakansie na sy oupa se plaas. 1

2.4.2. Sy pa neem hom _____ agtuur na die bushalte. 1

2.4.3. Die kinders ry_____ bus stad toe. 1

2.4.4. Hulle ry _____ taxi strand toe. 1

**[4]**

2.5. Gee die **DIEREGELUIDE** vir die volgende. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.5.1. Piet se hond_______ vir die skape. 1

2.5.2. Die eend_______ om my wakker te maak. 1

2.5.3 'n Bok ______ as hy die blomme sien. 1

2.5.4. Die kat _____ as hy melk sien. 1

**[4]**

2.6. Vul die korrekte **VOORNAAMWOORDE** in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.6.1. Die kinders is bly, want die lekkers is ________ _____ 1

2.6.2. Piet drink _____ bottel water, want hy wil gesond wees. 1

2.6.3. Susan lees boodskappe op ________ selfoon. 1

2.6.4. Sanet sê ______ hou van sjokolade. 1

**[4]**

**TEKS E**




2.7. Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.7.1. Die onderwyser is (baie ryk). 1

2.7.2. Die bord agter die seun is (baie wit.) 1

2.7.3. Die seuns is (baie maer). 1

2.7.4. Die meisie se oë is (baie blou). 1

**[4]**

2.8. Skryf die **VRAAGWOORDE** in Engels neer.  Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.8.1. Wie se 1

2.8.2. Waar 1

2.8.3. Hoeveel 1

2.8.4. Wanneer 1

**[4]**

2.9.  Voltooi die volgende **AFKORTINGS**.  Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.9.1. (Suid-Afrika) is ‘n land van sonskyn. 1

2.9.2. Moet (asseblief) nie op die strand mors nie. 1

2.9 3.  Ons moet (mej.) Botha ontmoet. 1

2.9.4. Gee die (nr.) vir die polisie. 1

**[4]**

2.10.  Vul die **VERGELYKINGS** in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.10.1. Die meisie se gesig is so rooi soos______. 1

2.10.2.  Die seesand is so wit soos _____. 1

2.10.3. Die perske is so soet soos ________. 1

2.10.4. Die meisie is so stil soos ‘n ________. 1

**[4]**

**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B : [80]**

**SOMTOTAAL [120]**